

Evolusie: 'n Christengelowige se perspektief (deel 6)

Die selle van meersellige organismes is nog meer ingewikkeld as dié van bakterië. Die kern van elke sel, behalwe rooibloedliggaampies in soogdiere, bevat al die genetiese materiaal wat die spesifieke organisme beskryf. Die molekule waarin die genetiese materiaal opgesluit is word DNS genoem. Dit is die afkorting vir deoksiribonukleïensuur of deoxyribonucleic acid (DNA) in Engels.

Die DNS van alle lewende wesens op aarde bestaan uit slegs vier verskillende boustene: adenien, guanien, sitosien en tirosien, wat onderskeidelik afgekort word as A, G, C en T. Hierdie basisse bind elkeen aan 'n fosfaatmolekuul en 'n suiker, deoksiribose, en vorm dan lang kettings waarvandaan die inligting vir die vorming van proteïene gelees word.

Die evolusieer staan hier voor 'n beduidende probleem: nie net is DNS 'n baie ingewikkelde struktuur nie, maar al die ensieme wat verantwoordelik is vir die instandhouding daarvan en die lees van die kode daarop, word vervaardig na aanleiding van die kode in die DNS vervaardig. DNS kan nie bestaan buite die beskermende omgewing van die sel nie en verder is die vorming van proteïene ook afhanklik van ander strukture in die sel soos die ribosome, die endoplasmiese retikulum en Golgi apparaat. Die eerste sel moes in sy totaliteit gevorm wees van die begin af, anders sou dit 'n sekere mislukking gewees het.

Die DNS in een sel in die menslike liggaam is 'n verstommende 1,7 m lank as dit volledig afgerol sou word. Die inligting daarin vervaardig sal 4 000 gemiddelde grootte boeke beslaan as slegs die volgorde van die basisse (A, G, C en T) daarin neergeskryf moet word, tog is dit in so 'n klein area ingedruk dat die kop van 'n speld 295 000 000 selle se DNS kan bevat! Dit is die ekwivalent van 'n hoop boeke 925 X 925 X 925 m saamgevat in 'n area kleiner as 'n kubieke millimeter. Dit raak moeilik om te glo dat dit alles deur lukrake toeval bewerkstellig was!

Alhoewel die evolusionis voor hierdie onoorbrugbare probleem van kompleksiteit staan, hoop hy/sy dat daar eendag 'n oplossing daarvoor

gevind sal word. Tewens hierdie gemeenskaplike genetiese bou van alle lewende selle van virusse tot walvisse is vir menige wetenskaplike net nog 'n sekere bewys van gemeenskaplike oorsprong. Die moontlikheid dat daar 'n gemeenskaplike Ontwerper kan wees wat alles so beplan het word summier verwerp. Richard Lewontin het dit so gestel: "We take the side of science in spite of the patent absurdity of some of its constructs, in spite of its failure to fulfil many of its extravagant promises of health and life, in spite of the tolerance of the scientific community of unsubstantiated just-so-stories, because we have a prior commitment, a commitment to materialism. It is not that the methods and institutions of science somehow compel us to accept a material explanation for the phenomenal world, but, on the contrary, that we are forced by our a priori adherence to material causes to create an apparatus of investigation and a set of concepts that produce material explanations, no matter how counter-intuitive, or mystifying to the uninitiated. More-over that materialism is an absolute, for we cannot allow a Divine Foot in the door".

Bogenoemde stelling som die meeste evolusionistiese wetenskaplikes se posisie baie raak op: Dit maak nie saak watter getuieis ter tafel gelê word nie, uit beginsel aanvaar hulle geen bonatuurlike verklaring nie. Selfs bewegings soos Intelligent Design wat al hoe meer getuieis bied vir die ontsaglike kompleksiteit van die komponente van die sel word bloot afgemaak as godsdiens wat onder die dekmantel van 'n pseudowetenskap verskuil is.

Vir 'n voorsmakie van die prosesse wat vir proteïensintese verantwoordelik is, kan u gerus na die video op die volgende webblad gaan kyk: <http://www.discovery.org/a/2116> Daarop word 'n animasie vertoon wat die belangrikste stappe in die vorming van proteïene uitbeeld. Ek gaan die stappe in kort hier opsom:

* 'n Ensiem maak die spiraalstruktuur van die DNS reguit by die spesifieke geen waar die kode vir die proteïen geleë is. Hier moet u in gedagte hou dat ongeveer 1,7 m se molekules in 'n baie

klein ruimte ingedruk is: dit is dus op sigself 'n wonder dat die ensiem die regte plek vind.

* Vervolgens word 'n eksakte replika van die DNS gemaak: dit word die boodskapper-RNS genoem. (RNS = Ribonukleïensuur). Hierdie molekule bevat drie basisse (A, C, G of U (Urasiel vervang Timien in RNS)) vir elke aminosuur van die proteïen. 'n Proteïen bestaande uit 400 aminosure sal dus 'n RNS-molekule van ten minste 1200 basisse vereis.

* Die boodskapper-RNS beweeg nou deur die kemporieë wat ontwerp is om slegs sekere molekule in en uit die sel te laat.

* Die boodskapper-RNS beweeg na 'n ribosoom. Hier word die kode van drie basisse gelees en spesifieke aminosure met behulp van oordrag-RNS aanmeekaargelas. Die oordrag-RNS het self drie basisse aan die een kant van die molekuul en dra die aminosuur aan die ander kant daarvan soos in die animasie uitgebeeld.

* Die lang ketting van aminosure beweeg dan na 'n spesiale mikroskopiese masjien wat dit in 'n drie-dimensionele struktuur buig. Dit is hierdie drie-dimensionele struktuur wat meeste proteïene hul spesifieke vorm en funksie gee. Die proses hierbo

genoem vind miljarde kere per dag in elke sel in die liggaam plaas. Nuwe selle word deurentyd gevorm om die ou, afgeslede selle te vervang. Die binnelaag van die derm, die dermmukosa, word byvoorbeeld elke drie dae vervang. Hoe hierdie selle aanmeekaar geweef is, is net so fantasties, maar dit moet wag tot 'n volgende keer...

ADVERTISE and SEE results **Rustenburg Herald**
13 Coetzar Street, Rustenburg
Tel: 014 592 9229 Fax: 014 592 1869
E-mail: mailbag@rustenburgherald.co.za

SIZANI PROTECTION / SECURITY SERVICES
SECURITY AT YOUR HOUSE OR BUSINESS
ARE YOU GOING ON LEAVE FOR THE WELL DESERVED HOLIDAY? YOUR HOUSE OR BUSINESS NEED TO BE GUARDED WHILE YOU ARE AWAY?

- DO YOU NEED SECURITY OFFICERS FOR ONE OR MORE DAYS?
- DO YOU NEED ESCORT OR PROTECTION SERVICES? WE ARE THE ANSWER TO YOUR QUESTIONS.

ONLY REGISTERED SECURITY OFFICERS AVAILABLE FROM GRADE E TO A FROM OUR TRAINING ACADEMY

FOR MORE INFORMATION CONTACT US AT
014 594 2960 OR 014 592 0539

BLACKLISTED???
IF YOU CAN'T GET A LOAN WE CAN HELP YOU
IF YOU CAN'T BUY A CAR WE'LL HELP YOU
IF YOU CAN'T BUY A HOUSE WE WILL HELP
ALL ACCOUNTS ARE CLEARED AT
THE CREDIT BUREAU
Please call 082 741 2818
Terms and Conditions Apply.

SIZANI PRIVATE INVESTIGATION AND TRACING UNIT
CASE DOCKET ADMINISTRATION
DO YOU NEED HELP TO OPEN AND REGISTER YOUR CASE??
THAT INCLUDES:
STATEMENT, REPORT WRITING AND COMPILE A CASE DOCKET FOR INVESTIGATION PURPOSE?
YES? YOU HAVE THE RIGHT TO CALL US FROM YOUR HOME TO ASSIST YOU IN OPENING AND REGISTERING YOUR CASE ON YOUR BEHALF.
FOR MORE INFORMATION PLEASE VISIT US AT C/N OLIVER TAMBO AND LEYDS STR RUSTENBURG.
Call us at 014 594 2960 OR 014 592 0539

SIZANI PRIVATE INVESTIGATION AND TRACING UNIT cc
SASSETA ACCREDITED TRAINING PROVIDER
TO ALL INDIVIDUALS WANTING A PRIVATE INVESTIGATIONS SKILLS
WE OFFER PRIVATE INVESTIGATIONS COURSE WHICH WILL START ON THE 1ST OF JUNE 2010
LIMITED SEATS AVAILABLE SO REGISTER NOW TO AVOID DISAPPOINTMENT
FOR MORE INFORMATION VISIT US AT: 112 CNR LEYDS AND OLIVER TAMBO, OR PHONE US ON
014 594 2960

VEILING - MEENTHUIS SAFARITUINE - RUSTENBURG
In opdrag van die Kurator in Insolvente Boedel A G H VAN STADEN sal ons die ondervermelde eiendom verkoop
OP WOENSDAG 10 MAART 2010
om 15h00 te Sugarbird Park Eenheid 20, Safarituine, Rustenburg

a) **DEEL 20** soos aangetoon en vollediger beskryf op Deelplan SS804/1997 in die skema bekend as **SUGARBIRD PARK** ten opsigte van die grond en geboue geleë te **RUSTENBURG LOCAL MUNICIPALITY** van welke deel die vloeroppervlakte volgens die voormelde deelplan **61 (EEN EN SESTIG)** vierkante meter groot is;

b) 'n Onverdeelde aandeel in die gemeenskaplike eiendom in die skema aan genoemde deel toegedeel ooreenkomstig die deelnemingskwota soos op genoemde deelplan aangetoon.

Die eenheid bestaan uit 'n sit-eetkamer; 2 slaapkamers; 1 badkamer en 1 Motorhuis.

VOORWAARDES: 10% van die koopprys is betaalbaar deur die **KOPER** by toeslaan van die bod. Balans sal deur middel van 'n waarborg gelewer word 30 dae na die verkoping.

Vir nadere besonderhede skakel:
Anton 018 294 7391/297 3841
Rudi 082 490 7686
Besoek gerus ons webtuiste vir meer inligting:
www.ubique.co.za

Afslaers
UBIQUE Auctioneers
Die Forum, h/v Govan Mbekiryalaan & Totiusstraat.
Posbus 208, Potchefstroom

Rustenburg Rate Payers Association (RRPA)
www.rrpa.co.za - registration@rrpa.co.za
Public Meeting
Venue: Protea Park Primary School Rugby Field Soetdoring Avenue
Date: Thursday, 25th March 2010
Time: 18H00 (Meeting will start promptly at 18H00)
All Rate Payers welcome, invite everyone.
Application Forms will be available at the meeting.
"If you want to make a difference to our town then you have to attend the meeting"
Hotdogs will be sold by the school.
Come socialize with us.

3de Jaarlikse
EXTREME BRAHMAN VEILING
FERANDE DIERE - HARTWATER • COETZRAND DIERE GEËNT TEEN HARTWATER
Saterdag 27 Februarie 2010 11:00 -
by die Derby Veilingskrale

Aanbod: 25 Koeie dragtig of met kalf (sommige 3in1)
30 Dragtige verse
12 Dragtige Rooi Verse
7 Bulle

ROETE: Vanaf Derby 2km op die Magaliesburg pad. Volg wegwysers.
Kontant of bank gewaarborgde tjeks op dag van veiling. Elektroniese Fasiliteite Beskikbaar.
Diere almal TB en BM getoets. Vervoer en versekering kan gereël word op dag van veiling.
NAVRAE: Hennie de Bruyn: 082 800 4298
Stefan Coetzee: 083 384 3675
Simon Hughes: 082 491 8286.
Sietse Smit: 083 712 9965
Johan vd Nest (Afslaer): 082 574 4220
Pamflet en katalogus:
www.brahman.co.za

SHM STUD & COMMERCIAL STOET & KOMMERSIEËL **MARKETING** 018 290 9409
AUCTIONEERS • AFSLAERS